

# Warm roosterbrood op pad!

Een middag na skool kom Sibongile by die huis. Haar ma is in die bed met griep. Haar ma se neus loop en sy voel baie siek.

“Mamma sorg altyd vir my wanneer ek siek is,” sê Sibongile.

“Vandag is dit my beurt om vir Mamma te sorg. Kom ek maak vir Mamma ‘n paar snye lekker warm roosterbrood.”

Sibongile gaan kombuis toe om die roosterbrood te maak, maar dan dink sy aan iets wat sy haar ma wil vra. Haar boetie Siphos is in die kombuis, daarom vra sy hom om solank ‘n sny brood in die rooster te sit. Sy loer gou weer by haar ma in. “Waar word ons ou sokkies gehou, Mamma?” vra sy haar ma.

Waar is my ou, rooi sokkies wat vol gate is? Dit is in die onderste laai in die kas. Die brood wip op in die rooster, maar Siphos is nie meer in die kombuis nie en die roosterbrood word koud. Sibongile kom terug in die kombuis en sien die koue roosterbrood. Sy sit ‘n nuwe sny brood in die rooster.

Dan gaan soek Sibongile die sokkies. Sy deursoek ‘n hoop ou sokkies en kry haar lang, rooi sokkies wat vol gate is. Dan onthou sy weer van die roosterbrood. “Warm roosterbrood op pad, Mamma,” sê Sibongile.

Die brood wip weer op in die rooster, maar nie Sibongile of Siphos is daar nie en die roosterbrood word weer koud. Sibongile maak weer ‘n draai in die kombuis. Sy sit nog ‘n sny brood in die rooster.

Sibongile neem een van die rooi sokkies en steek haar vingers deur die gate in die sokkie. “Dit is waar die arms sal inpas,” sê sy. Weer onthou sy van die roosterbrood. “Warm roosterbrood op pad!” Die

roosterbrood wip op in die rooster, maar niemand is in die kombuis nie en die roosterbrood word weer koud.

Sibongile is nog besig met haar ou, rooi sokkie. Sy teken 'n groot, swart kol op die sokkie met haar viltpen. "Dit is die neus," sê sy. Dan verf sy twee wit kolle. "Dit is die oë, sodat jy kan sien," sê sy. Sy draf opgewonde na haar ma se kamer toe. "Hou Mamma van monsters?" vra sy haar haar ma.

"Ja," sê haar ma. "Ek hoop net nie jou monster maak my bang nie," voeg sy by. "My monster gaan Mamma nie bangmaak nie," sê Sibongile opgewonde. "Dit gaan Mamma bly maak!"

"Ek gaan vir Mamma 'n poppespel opvoer," sê Sibongile. "Ek weet dit gaan Mamma laat glimlag. Daar is 'n rooi monster in my toneelstuk." Sibongile se monster praat, lag, spring en dans. Aan die einde van die poppespel sê die monster: "Die einde".

Sibongile se ma lag en klap haar hande. "Jou poppespel was wonderlik!" sê sy. "Dit het my baie bly gemaak. Ek het net een vraag: wat het van my roosterbrood geword?" "Ag nee, Mamma, ek het skoon vergeet!" sê Sibongile. "Ek gaan haal dadelik die roosterbrood!"

Sy kom by die rooster en sien dat die roosterbrood weer koud geword het. Daar is ook nie meer brood nie. "Ek hoop Mamma hou van koue roosterbrood," sê sy vir haarself.

Sibogile neem 'n groot bord koue roosterbrood na haar ma toe. Daar is genoeg vir haar ma, vir haar, vir Sipho en selfs vir 'n honger monster!

**Wys vir jou ouers dat jy vir hulle lief is.**

## Begripstoets:

1. Wat was fout met Sibongile se ma?
2. Wat gaan Sibongile vir haar ma doen?
3. Waarom het die roosterbrood koud geword?
4. Waarvoor wil sy die rooi sokkies gebruik?
5. Wat het Sibongile se monster alles gemaak gedurende die toneelspel?
6. Wie kon almal roosterbrood kry?
7. Wat sal jou laat beter voel as jy siek is?

# 1. Sigwoorde

een	mamma	sy	daar	ma
die	gaan	ek	toe	sê
my	dit	se	'n	het

## 2. Nuwe Woordeskat: (klap woorde in lettergrepe)

roosterbrood	wonderlik	opgewonde
kombuis	rooster	poppespel
bangmaak	besig	onderste

## 3. Gee die meervoud vir elke woord:

dans	neus	monster
rooster	sokkie	arm
brood	haar	sny
kol	hand	bord

## 4. Skryf die lettergrepe vir die volgende woorde:

middag	kombuis	mamma
vandag	sokkies	niemand
lekker	genoeg	teken
roosterbrood	opgewonde	sodat

5. Onderstreep die Selfstandige Naamwoord:

- a) Haar ma is in die bed met griep.
- b) Dan gaan seek Sibongile die sokkies.
- c) "Hou mamma van Monsters?"
- d) Ek gaan haal dadelik die roosterbrood.

6. Vul die Byvoeglike Naamwoorde in:

groot    swart    rooi    nuwe    onderste

- a) Waar is my \_\_\_\_\_ sokkies wat vol gate is?
- b) Dit is in die \_\_\_\_\_ laai in die kas.
- c) Sy sit 'n \_\_\_\_\_ sny brood in die rooster.
- d) "Warm roosterbrood op pad, Mamma."
- e) Sy teken 'n \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_ kol op die sokkie met haar viltpen.

7. Vul die trappe van vergelyking vir elke woord in:

koud		
	groter	
		warmste
	ouer	
honger		

8. Wat is die intensiewe vorm vir die volgende woorde:

● koud \_\_\_\_\_

● rooi \_\_\_\_\_

● warm \_\_\_\_\_